

## OESTYD

September 2008

Geagte Broer en Suster,

### INLEIDEND

Hier is 'n lekker vol Oestyd met baie nuus van oral oor. Ingesluit is 4 koeverte vir u Geloofbelofte-Offer.

### LAUDIUM

- Praise God for the increase in workers for the outreach tot Muslims in Laudium and for their dedication to spend time every week.
- Praise God for the open doors we receive every week in outreach.
- Praise God vor the training we have received in the past as well as the material to distribute to Muslims. Chalanges for Prayer
- Intercede for the majority Muslim community of Laudium – for a spiritual breakthrough so that they may realise the uniqueness of Jesus Christ as the Lamb of God – that has come to reconcile them with God.
- Pray for the Churches in Laudium for unity and cooperation of church members in spreading the good news of Jesus Christ to their family, friends and neighbours in Laudium.
- Pray for the workers in Laudium for Godly wisdom and for openness to be taught by the Holy Spirit as to how to approach the Muslims in Laudium with the Gospel and handle their objections.
- The Laudium Outreach Group (« LOG ») wants to initiate a 24-7 prayer room. Please pray for the appropriate location and support for the room as well as for the whole Christian community to be involved. When we pray – God will give the breakthroughs.

### MOSAMBIEK – Allen en Ansie van der Merwe

#### NG Delmas kom kuier

“Dit was so lekker om met die manne (en een dame!) elke aand te kuier. En toe bederf hulle ons deur ons saam te neem Malawi meer! Ons het werklik die wegbreek nodig gehad, en kon met die terugry deur Blantyre 'n paar goedjies by “Checkers” aanskaf wat nie in Gurue beskikbaar is nie. BAIE DANKIE!

Behalwe vir die kuier, het ons ook hard gewerk! Saam met die plaaslike gemeente is 'n groot stuk grond met die hand omgeskoffel, walle gegooi en saad ingesit. Die grond is deel van die een kerkie se terrein en staan gerieflik naby 'n stroom water wat nooit ophou vloei nie. Nou moet die plaaslike mense net die plantjies nathou! Dis beslis nie Delmas se landboustyl hierdie nie, maar die grond is goed en die reënval bied groot moontlikhede. Ons hoop dat die plaaslike boere se tydjie saam met die Delmas-boere, vir hulle nuwe dinge geleer het sodat die oes meer volop sal wees.”

#### Nuwe krag vir Radioprojek

“Net na die Delmas span besoek Freddie Swart en Ds Lombaard van Niekerk van Doornkruin gemeente ons. Die bakkie waarmee hulle ry is volgelaai met sonpanele, batterye en bedrading vir die radioprojek (Omwiwa Yesu). Na al die werk verrig is, (en dis nogal moeite om op die dak te kom!) kan die radioprojek byna volledig loop op sonkrag. Die kragopwekker, met sy duur gebruik van diesel, sal net in noodtye aangeskakel moet word. BAIE DANKIE aan elkeen vir elke skenking en opoffering – van die bakkie en toerusting tot rekenaars en 'n kleingroep wat die manne deurgebid het.” Freddie kon ook geleentheid kry om met die leierspan van die radioprojek te gesels. Die inligting sal nou in die RSA verwerk word om te sien hoe ons die projek verder kan ondersteun. Ansie moes inspring in Allen se afwesigheid, en saamry wanneer goed in die dorp aangekoop moes word, en selfs tolk by vergaderings. Allen moes dringend Milange toe vir 'n Sinodale vergadering. Tydens die besoek van Freddie, is daar na areas gery waar voertuie gewoonlik nie kom nie. So is die krag van die evangelie per radiosein besef wat kom waar voertuie sukkel om te kom. Die mense daar het van die lag uitgebars toe hulle die eerste keer Afrikaans hoor. Hulle het darem later kalmeer toe die vreemde keelklanke in hulle eie taal getolk word.

#### Die Woordskool

Die materiaal van die Timoteus-kursus help dat die program mooi verloop. Allen gaan haal 'n groep ouderlinge elke Maandag en neem hulle weer Vrydag terug. Tussendeur word die Bybel bestudeer, saam gebid en gepraat oor die Woord van God. Die ouderlinge is soms geskok oor wat in die res van die wêreld aan die gebeur is, bv dat aborsie deur RSA wetgewing aanvaar word. Dit bied geleentheid vir dieper gesprekke oor wat God vra en hoe elke christen moet leef. Al die ouderlinge is opgewonde oor wat hulle leer. BID dat die geloofsgroei en kennis van die Bybel sal oorspoel na die ander lidmate.

Siekte stuit nie ontwikkeling nie!

Tydens besoeke van mense uit die RSA moet die program net voort! Allen het geworstel met griep en maagkieme, maar die werk het voortgegaan. (Die medisynekas is seker nou leeg!) Nou onlangs was malaria aan die beurt, maar die Bybelklasse gaan voort. BID saam vir gesondheid asseblief.

U IS WELKOM OM ENIGE TYD MET ALLEN EN ANSIE KONTAK TE MAAK :

Allen selfoon nommer: +258 822684260 / Ansie selfoon nommer: +258 824063769

Epos adres: mosambieksgiving@gmail.com

## MOSAMBIEK - GURUE RADIOBEDIENING

Soos in Nuusbrief 6 van 6 Julie bespreek, het ek in die geselskap van ds Lombard van Niekerk van NG Doringkruingemeente Klerksdorp, Gurue besoek tussen 11 en 23 Augustus. Die doel van hierdie besoek was:

- om die sonkrag-toerusting te gaan installeer;
- myself te vergewis van die ontwikkeling van die radiobediening;
- voldoende beeldmateriaal te versamel vir plaaslike verspreiding; en
- ds Lombard bloot te stel aan Mosambiek Sendingaksie vir moontlike betrokkenheid van NG Doringkruin gemeente, Klerksdorp.

### Die volgende is 'n verkorte daaglikse weergawe van ons besoek aan Gurue:

11 Aug: Ons vertrek uiteindelik 22h15 na 'n dag se finale aankope van kruideniersware en bykomende toerusting asook nog die bywoning van die kerkraadsvergadering Maandagaand. Hannes Brink van Mooirivier Makelaars het sy twee-sitplek Toyota bakkie tot ons beskikking gestel wat werklik tot sy maksimum gelaai was met al die voorraad wat moes saamgaan.

12 Aug: Ons arriveer 06h15 te Komatipoort op die grens met Mosambiek. Hier vul ons ons brandstof aan en wag tot 08h00 om SA Rand met Meticais (Mosambiek se geldstelsel) om te ruil. Gaan deur Doeane en verklaar al ons toerusting waarop ons uiteindelik slegs R3000.00 invoerbelasting betaal, nadat ons aanvanklik R18000.00 sou moes opdok. Met groot dankbaarheid ry ons verder net om na 10km 'n papwiel te kry. In Maputo probeer ons die band herstel sonder sukses omrede die gat te groot was. In die proses het ons baie tyd verloor en kom eers by 12h00 se kant uit Maputo. Na verskeie stoppe deur verkeerspolisie en gebrekkige kommunikasie met hulle (hulle kan slegs so 'n Portugese-Engels praat en verstaan) kom ons uiteindelik 18h30 na 568km aan by ons oornagplek te Maxixe. Gelukkig kry ons 'n karavaan om in te slaap en was dit nie nodig om die tent op te slaan nie. Hierdie was ook die laaste plek waar ons telefoniese kontak met die buitewêreld sou hê.

13 Aug: Na 'n goeie nagrus sonder muskiete en nadat ons die brandstof aangevul het, vertrek ons 06h30. Vandag sou 'n lang reis vir ons inhou. Ons arriveer te Inchope om 14h00 net om uit te vind dat daar nie brandstof is nie en ons na Gondola moes afdraai (42km) om brandstof te kry. Weer die pad terug na Inchope en verder na Catapu ('n oornagplek kort voor die Zambesirivier) waar ons 19h30 uiteindelik arriveer na 'n reis van 1000km. Alhoewel al die 'chalets' bespreek was, kry ons tog toestemming om ons tent by die eienaar se huis op te slaan. Gelukkig het ons toegang tot alle geriewe gehad en kon ons met groot dankbaarheid tot ruste kom.

14 Aug: Ons staan vroeg op (05h00) na 'n baie goeie nagrus sonder enige muskiete wat ons pla. Na alles uiteindelik weer ingepak is en ons ons gasheer gegroet het, vertrek ons 07h00 na die Zambesirivier wat ons met die pont sal krus. Hier is 'n nuwe brug oor die rivier in aanbou wat vroeg volgende jaar voltooi behoort te wees. Ons is gelukkig om sommer met die eerste pont oor te gaan (08h00) en die reis voort te sit na die volgende groot dorp Macuba wat ons 12h00 bereik na 325km en brandstof inneem. Vir die volgende 72km was die pad uiters swak en kon ons meestal nie vinniger as 70km per uur ry nie. Uiteindelik kom ons 15:30 in Gurue by Allen en Ansie van der Merwe aan, na 'n dag se reis van 522km. Die totale afstand vanaf Klerksdorp tot by Gurue beloop 2719km.

15 Aug: Daar is nie kans om te ontspan na ons lang rit nie, want Allen moes skielik na Milange (grensdorp tussen Mosambiek en Malawi) reis vir 'n spesiale sinodesitting. Ds Lombard vergesel hom en hulle vertrek reeds om 05h00. Ek en Ansie is genoodsaak om die vergadering gereël met 'Omwiwa Yesu' Bestuurskomitee die oggend (10h30) te hanteer. Gewapen met haar Portugese woordeboek vergader ons (13 in totaal) om al die behoeftes en vordering van die radiobediening in oënskou te neem. Teenwoordig was die vier programopstellers, pastore van verskillende kerke en 'n verteenwoordige van die plaaslike gemeenskapsradiostasie. Ek onderneem om die behoeftes wat uitgespreek is met die direktelede van Gurue Radiobediening in RSA te bespreek en so gou moontlik terugvoering te gee deur Allen. Allen en ds Lombard arriveer 19h30 vanaf Milange na 'n baie geslaagde vergadering waar ds Lombard goeie insig gekry het in die werkswyse van die plaaslike kerk, Igreja Reformada em Mozambique, asook die rol wat Allen as sendeling in die kerk vertolk.

16 Aug: Vandag moes ons die sonpanele (4) op die dak vasmaak, 'n kragkabel aanlê na die produksieateljee, die batterye (8) installeer en koppel. Tussendeur kon ons darem die rugbytoets tussen die Springbokke en die All Blacks kyk en ten spyte van 'n slegte verloor steeds met entoesiasme aan die kragtoerusting werk. Die dag sluit ons af met die tradisionele braai met dankbare harte en moeë lywe.

17 Aug: Ons vol program sluit in 'n besoek vandag aan 'n plattelandse gemeenskap 65km vanaf Gurue, waar 'n gesamentlike byeenkoms gehou word om na 'n spesiale radiuitsending van 'Omwiwa Yesu' te luister. 'n Groot gedeelte van die pad is voetpaadjies wat ook die kruising van riviere met tuisgemaakte brûe ingesluit het. Ongeveer 500 mense woon die byeenkoms by op 'n groot rotsplaat soortgelyk aan die rotsplaat in die Paarl in S.A. Hier is 'n kruis afgemerk wat die presiese posisie vir die beste radio opvangs aantoon. Ds Lombard kry geleentheid om 'n kort boodskap te lewer wat uit Afrikaans in Portugees en daarna in Lomwe (die plaaslike taal) vertaal is. Twee verteenwoordigers van die gemeenskapsradio wat ons reis meegemaak het, lewer kort toesprake en Allen oorhandig verskeie Bybels aan geestelike leiers. Hierdie mense het per fiets spesiaal na Gurue gery om die programopstellers te versoek om hul area te kom besoek en 'n opname te maak nadat hulle na die programme oor die radio geluister het. Ons arriveer uiteindelik terug in Gurue teen 17h00.

18 Aug: Vanoggend is ek saam met Ansie en Alves (programopsteller) om dié week se CD's by die gemeenskapsradiostasie te gaan aflewer vir uitsending en die vorige week s'n terug te kry. Nog 'n klompie briewe van luisteraars word in ontvangs geneem. Daarna is ons na die mark om 'n tafel, stoel en venster te gaan koop vir installering by die produksieateljee. Om 15h00 is ek, ds Lombard, Allen, Adolfo (programopsteller) en twee ouderlinge na 'n Baptiste kerk in Gurue om hul kerkkoor te gaan opneem vir uitsending. Om die dag mee af te sluit, word die addisionele rekenaars (2) wat saam met ons gekom het vanaf S.A. geïnstalleer in die produksieateljee. 19 Aug: Weer dorp toe om elektriese materiaal en nog 'n tafel en stoel te gaan koop. Terug by die huis word 'n video opname van Ansie se rekenaargeletterdheid klas gemaak asook van Allen se Woordskool vir ouderlinge. Laaste voorbereidings vir die elektriese bedrading van die produksieateljee word afgehandel.

20 Aug: Terwyl Allen by die Woordskool besig is, worstel ek en ds Lombard met die elektriese bedrading wat ons na vele beproewings uiteindelik bemeester. Die produksieateljee is uiteindelik ten volle op sonkrag en alles werk. Die vorige kragstelsel word egter behou

as bystand in nood. Namiddag gaan geniet ons 'n hoender-'steak' in 'n plaaslike restaurant en begin ons proses van afskeid neem van die dinge waaraan ons blootgestel was die afgelope klompie dae.

21 Aug: Ons vertrek reeds om 05h00 om vroeg by ons beplande oornag bestemming te Inchope te om. Ons arriveer vroeg om 14h30 na 'n baie veilige en voorspoedige reis en gebruik die res van die dag en aand om te ontspan. Hier moes ek en ds Lombard 'n dubbelbed deel nadat ons mekaar verseker het van ons huwelikstatus.

22 Aug: Ons is vroeg uit die vere en ry hierdie keer deur Zimbabwe om bykans 500km te spaar. Ons gaan 08h00 deur die grenspos tussen Mosambiek en Zimbabwe en arriveer die middag om 15h15 te Beitbrug grenspos tussen Zimbabwe en S.A. Op die roete deur Zimbabwe word ons verskeie kere deur verkeersbeamptes ondersoek. Hierdie keer is dit egter in verstaanbare Engels en is die beamptes baie vriendeliker. Ons besluit om nie oor te slaap nie, maar deur te ry na Klerksdorp.

23 Aug: Ons arriveer in die vroeë oggendure, net na middernag, in Klerksdorp – moeg, maar dankbaar vir veilige en voorspoedige reise en dat ons doelwitte bereik het. Na verdere veranderings in die koppeling van die sonpanele soos deur Hannes Brink voorgestel, het Allen laat weet dat selfs die huis se elektriese toerusting vanaf die sonpanele en batterye werk. Dit is nou slegs nodig dat die Lister diesel kragopwekker vir kort periodes nog krag moet verskaf aan die huis wat 'n groot finansiële besparing tot gevolg het.

Wil jy deelname verkry in hierdie bediening of meer te wete kom? Maak dan gerus van die e-pos gerief op die webblad [www.gururadio.org.za](http://www.gururadio.org.za) gebruik om met ons in aanraking te kom of skakel my per telefoon 0184623664 (huis), 0184629603/8 (werk) of sel 0845802403.

Groete in Christus.

Friedrich Swart (Freddie) - Direksie: Gurue Radio Ministry

## **FRANKRYK – Corné en Sophie du Plooy**

(uittreksel uit hul September nuusbrieff)

### **Aktiweite vir voorbidding:**

- Claire Chappuis – mediese dokter en gemeentekind wat al 24 jaar in Haïti in 'n kinderhuis werk. Sy besoek ons 12-13 September. Bid ook vir die situasie in die land.
- Huweliksbevestiging 20 September. Jean-Marc ('n ouderling) trou met Martine. Ons verwag 350 mense (hoofsaaklik ongelowiges) wat die diens gaan bywoon. Mag dit 'n getuienisgeleentheid wees.
- Kerkraadsvergadering 27 September.
- Belydenis van geloof van Marie-Cecile, student en gemeentedogter (20 jaar).
- Getuienisopleiding – 4-5 Oktober.
- Kerkraadsverkiesing 5 Oktober.
- Gospelkonsert vir Haïti– 11 Oktober.
- Roxanne: Sy het verlede week in Toulouse opgedaag vir haar studies. Haar ouers is ateïste wat haar verbied het om 'n kerk by te woon. Weg van die huis soek sy nou 'n kerk op!

### **Persoonlike nuus:**

- Sophie verwag ons 3de kind (seuntjie) vir begin Januarie 2009! Dis die laaste een!
- Claire (sy word 4jr die 1ste November) het haar 2de skooljaar begin (2 half dae en 2 voldae).
- Thomas (was 2jr die 17de Maart) het met sy skool begin (halfdag).
- Ons was 14 Julie – 13 Augustus op vakansie (hoofsaaklik by my skoonouers en een week by die see).

## **KAMBODJA – Alta Glas**

Uittreksel uit Alta se nuusbrieff van 29 Julie

Die vakansie (met haar kinders by haar in Kambodja) is verby – dit was 'n ongelooflike voorreg en seën om saam te kon kuier. Dankie vir die ouers wat dit moontlik gemaak het en al die gebede en goeie wense vir ons. Tyd in Seam Reap 'n fees. Ons het fietse gehuur en die wêreld vol gery – ek het myself verbaas dat dit vir my moontlik was om 15km ritte te kon trap. Die bootrit na Vietnam was nogal stresvol – ek het huidig 2 paspoorte. Oue is vol maar my Kambodja visa is in dit en die nuwe een het my veranderde naam in. Die hele tyd soontoe het die travel agent gesê dat daar geen hoop is dat Vietnam my sal inlaat nie. Ek was baie hartseer omdat dit gelyk het asof ons sommer 'n stomp totsiens sou hê op die grens. Ons het gebid maar die seer het diep in my hart genestel, baie redes het daartoe gelei dat dit nie sou werk vir die kinders om weer saam Kambodja toe terug te keer nie. Kambodja border polisie man het vir my gesê om net die nuwe paspoort aan te bied aan Vietnam kant. Aan die Vietnam kant is tasse lukraak van die boot afgehaal om te scan en toe ek die een tas met 24 Boeke sien deurgaans het ek gedog dis nou dit. Wel die Here is groter as my twyfel en almal se gebede het uit getriomfeer. ( Ek het vriende in Kh ge'sms om saam met ons te bid.) Ons het met 'n 2dae Mekong Delta toer na Hu Chimin city 'gereis' – slegs \$22 vir transport, hotel, boot ritte op Mekong etc. Cheap nê? Die Chu Chi tunnels was nogal 'n ervaring en het my in verwondering gelaat oor die vindingrykheid van die Vietkong om hulself te verdedig en ongelooflike empatie en deernis vir die Amerikaanse soldate wat die oorlog moes deurgaans. Ek glo nie een van die US soldate kon sonder post traumatic stress weg stap nie.

My oë is genees en ek jubel daaroor – dit was regtig 'n moeilike amper 3 maande. Op die ou end het ek besluit om myself te behandel en nie steroïd en kortisoon te gebruik maar net antibiotika. My oë het nog bietjie gesukkel toe die vakansie begin het, ek het toe besluit om die tear gel wat die dr voor geskryf het te stop en te sien wat gebeur. Al die probleme was oor!

## **Kambodja & Bediening**

## Veritas...

EFC en Veritas registrasie. Prys die Here dit is goed gekeur!!! Opleiding, proeflees en personeel Proeflees van Mod 4 sal hopelik Don en Vry afgehandel word. Volgens Sok het dit goed gegaan met die opleiding in die provinsies gedurende die 2 weke en kon hulle 2 as span saam probleme oplos. ( Ek bly tog maar glo dat die Here dit vir ons bedoel het om in spanne van 2 te werk.)

## Kambodja

Verkiezing Dit het rustig verloop al was daar gerugte dat 'n joernalis en ander vermoor is. Die huidige leier het vlgs hom vlgs my Khmer vriendin 90% van stemme gekry. Preah Vihear Tempel Kambodja/ Thailand dispuut op die grens re die eienaarskap van die tempel gaan voort. Gister is daar berig dat van die Khmer soldate onrustig raak en sê hulle is moeg gewag op die grens en wil nou skiet. Vandag is dit egter heelwat rustiger en van die soldate aan beide kante is ontrek. Kambodja wil dat Asean komitee daaroor beslis, Thailand wil nie. Wel seën groete vir julle vanaf 'n nat Kambodja

## Uitreksel uit Alta se nuusbrieff van 8 September

As 'n ek na die wêreld nuus kyk en gekonfronteer word met die suffering van die Hurricane victims in Cuba en Haiti, die vloede in Indië; As ek die Religious Liberty Prayer Postings lees en gekonfronteer word met die vervolging van Christine in Orissa, Nepal, Egypt, Malaysia, Iran, Saudi Arabia etc. Kan ek nie anders as om te sê dat die challenges wat ons ervaar trivial is nie en dat dit gaan goed met ons.

Die maand se opleiding in Kampong Thom was somer ook 'n spanbou sessie en 'n toets of die probleem oplossing wat ek vir Sarraan en Sok leer werk. Eerstens het ons al die week se opleidings, reis, gastehuis geld in die Phnom Penh vergeet. Elke maand, voor die eerste week se opleiding berei ons die hele maand se geld voor. Elke area se geld apart in pakkies; elke participant se geld netjies in 'n aparte koeverte, so ook reis, akkommodasie etc. Agv gebrek aan beter plek het die onderkant van my hangkas, wat op soort van 'n raamwerk staan, die safe geword. Dit is maklik om die kas agteroor te tilt en die pakkies voorbereide koeverte onder die kas in te skop, maar nie so maklik om dit uit te haal nie. Ons week was bietjie deur mekaar en ons het versuim om te reël om die geld uit te haal. Toe Sarraan vra (hy hanteer die geld) vir die geld sê ek néé jy het dit en hy sê néé jy dit ... Terwyl Sok aangaan met die opleiding het ons 2 gaan soek na 'n bank – deur genade was my visa kaart in my beursie, ek vat dit nooit saam nie en deur genade het daar 3 weke tevore 'n bank met 'n ATM masjien in Kg Thom oop gemaak! Sarraan sê toe ewe vir my okay ons het nou 'n probleem, hoekom het dit gebeur, wat leer ons hieruit, wat sou ons gedoen as Negk Srey nie hier was nie, hoe kan ons dit voorkom? Yippy die probleem oplossing lering werk!!!

Tweedens was dit 'n spanbou vir die fasiliteerders en participants. In die area waar ons die opleiding doen moet ek my kar tussen water en aartappel land deur manoeuvre, dié keer val ek toe vas in die vars geplante modderige aartappelland. Dit het 20 ouens 'n uur gevat om die kar , wat se agterwiel tot bo teen die modderskerm vas geval was, uit die modder te kry –ek ken nie die 4 wiel stories nie, het probeer om die '4wiel – funksies' te verander. Soms het hulle vir my geskreeu 'nee teacher nou is daar net 2 wiele wat werk' op die ou end het ek die kar net in gewone ratte gehou. Die ouens in Kampong Thom is amazing. Hulle snap vinnig, terg mekaar en lag baie. Hulle is gemotiveer en sê vir mekaar hulle stop nie voordat module 4 afgehandel is nie. As ons almal saam bid is dit interessant om die evidence van die verskillende denominasies te sien; sommige ouens skreeu gebede uit ander stil en rustig.

## Personeel:

Dit is interessant om te evalueer wat is in 'n aanspreek vorm: Sok noem my Alta en saam met dit kom 'n familiariteit wat veroorsaak dat ek hom soms ernstig moet aanspreek oor onvanpaste gedrag; Sarraan noem my Mevrouw in die kantoor en tydens opleiding Teacher, ons verhouding is oop, nie styf maar tog formeel; Rithy noem my Teacher – hy sal my na ure vanaf die onmoontlikste plekke bel en sê daai en daai vers in 'Thes' ek verstaan die konteks/engels nie mooi verduidelik asb!

Die maand het Rithy saam met ons begin werk en gou gou kon ek verantwoordelikhede uitdeel volgens die gawes wat ek ge-evalueer en die ouens in hulle self kon herken, dws almal gelukkig met rol verdelings. Ek moet begin met dit omdat ek in 2009 lank in SA sal wees. Hy is op drie maande proeftyd – bid dat die Here hom en my sal wys of Veritas is waar hy moet wees.

Sarraan (is besig om diep onder my vel in te kruip) wat die detail persoon is sal die finansies en ander admin leer hanteer voor my besoek aan SA. Hy is ook besig om as fasiliteerder te ontpop. Ek is mal oor die feit dat hy in general goed kan deur dink en beplan sonder dat ek hoef voor te sê. Hy is 'n harde werker maar ook 'n goeie delegerder. Bid asb vir hom hy het verlede week finale eksamen 'onderwys' geskryf. Hy bly in hostel en pastoor daar begin onredelike eise stel en hy sal binnekort 'n besluit moet neem.

Sok is 'n pastoor deur en deur, ook die ouer een van die 3 – dit lei daar toe dat hy nog vas geval is in die tradisionele en die feit dat verhoudings alles is – soos die brief wat in my kantoor oop gemaak was ... hy het net gesê 'Jy het die participants in jou 'huis' ingenooi en hulle het die reg om hulle tuis te maak.' Hy is egter die netwerker, verhouding bouer en baie prakties. Bid asb vir sy skoonma – hulle bly by haar en die feit dat sy Boeddhis is maak soms die lewe vir hom moeilik. Sy gemeente groei en hy droom om sterk leiers op te lei sodat hy kan aanbly by Veritas

## Kantoor/Huis

Ons het vir 3 weke in menige strate op en af gery en kantoor gesoek. Die inflasie het 40% gestyg en pryse van huise het verdubbeld. Ons kon nie 'n plek kry wat aan al ons requirements voldoen nie. Pryse verskriklik, mense wil nie dat villagers in hulle huise bly vir 'n week 'n maand etc. Ek was soort van ambivalent tov blyplek verandering en het gesukkel om tot besluit te kom, ook omdat ek 2009 3 – 4 mnde in SA sal wees en dan huur sal moet betaal, oorweeg om tot dan te wag. Toe ons egter 'n plek kry vir \$550, redelik nuut en dit voldoen aan feitlik al die requirements het ek besluit om dit te vat en soos voorheen in te rig; Kantoor/opleidings area onder in gebou en ek bly bo - die huur kostes 50/50 te split, ons 'albei' se maandelikse huur is 90% meer as voorheen. Ons trek 26ste Sept! Ek sal nie die huis mis nie maar definitief die huiseienaars.

## Bid asb dat die trekkery goed sal verloop

- Ek sal so gou as moontlik moet pak omdat die trekkery in die Peace Bridges opleidings week val (Vrydag) – Ons het by Peace Bridges soort van kontrak geteken dat ons nooit afwesig sal wees nie. Bid asb dat die aanbieders sal verstaan en dat ek 'n dag met hulle kan reël om die verlore lesings op te vang.
- Ons kan nie op 'n ander tyd trek nie omdat die laaste dae van die maand amper 'n week van publieke vakansie dae het; die groot voorvader aanbiddings fees Puchm Bin.
- My aanpassing in 'n nuwe omgewing
- Dat ek/ons NOOIT weer nodig sal hê om te trek nie.

#### **Ander nuusbrokkies:**

- My kar se remme het die week in die verkeer in gegee – dit was nogal scary om dit tussen die mense, motorfiets en ander karre deur te maneueer. Dit is seker die stadigste, mees 'beskaafste' wat ek in 'n lang tyd bestuur het. Soms is dit scary om te sien hoe ek net soos die Khmer bestuur – veral op my motorfiets, soms tas ek vir 'n veiligheids gordel as ek dit bestuur!
- Tandarts stories hou ook nie op nie – het verlede week 'n horrible experience gehad met my verstandtand. Ewe skielik seer geword – na tandarts ... hy het soveel local anaesthetic in my mond gesit dat my keel 'verlam' het, sy reply was wag net 3 minute dan sal dit beter wees; toe werk die suction masjien nie, elke keer as ek wil verdrink, terwyl hy die wortel kanaal doen, moet ek my hand ophig en dan kan ek uitspoeg. Mag nie sluk nie want die amalgam is nie goed vir mens nie .... op ou einde is die tand getrek omdat die wortel kanale non existent, wortels ge' fuse was en erge infeksie.
- Puchm Bin – Ons vat nie al die publieke vakansie dae nie, maar wel die wat veroorsaak dat die land tot stilstand kom en familietyd is. Bid asb dat God se koninkryk die donker in Kambodja sal verdryf en dat die vrees vir en die bondage van voorvader aanbidding sal breek.
- Ek is ook al weer agter met die skryf van 'n general newsletter – ek wonder of daar nie iemand is wat bereid is om dit 3 maandeliks saam te stel dmv die 2 – 3 weeklikse updates nie en dit dan ook in Engels te vertaal. Sou iemand bereid wees om dit te doen kan ons saam praat oor die detail.

Mag julle die seën van God se hand oor julle lewe mildelik ervaar.

Ns Nuus 10 September: Nuwe verwickelinge vir my, my dogter is swanger! Ek beplan dat ek einde Des /vroeg January SA toe gaan en dan die 17de April Sydney toe vertrek vir 2 weke.

Ek moet darem my eerste kleinkind kan vashou!!

Alta

#### **DOULOS SKIP van Operasie Mobilisasie – Gerdia Neethling**

Gerdia trou op die 22ste September waarna haar sendingwerk op die Doulos na 2 jaar ophou.

#### **SENDING SONDER GRENSE (SSG) – Ds Leon Tait**

Via Sending Sonder Grense word heelwat kinders in Ukraine deur lidmate van ons gemeente geborg. Die dame wat SSG se werk by die Afrikaanse gemeentes in SA bekendstel en borgskappe vir kinders/families in die arm oud-kommunistiese lande werf, het bedank. Ds Tait is gevra om vanjaar uit te help deur te preek en SSG bekend te stel by 6 Afrikaanse gemeentes waar daar reeds afsprake gemaak is. Bid asseblief vir hom dat die Here hom sal gebruik om hierdie saak op mense se harte te lê (Terugvoer: Op 10 Augustus het hy in Johannesburg by 1 gemeente en op 7 September het hy in Bloemfontein by 2 gemeentes opgetree en so is vir 24 kinders in Oekraïne en Moldawië borge gekry – alle dank aan die Here daarvoor!). Ds Tait is ook deur SSG gevra om vanaf 2009 tydens skoolkwartale op die Sondagoggende wanneer hy nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. Bid asseblief dat die Here hom duidelik tov 'n antwoord hieroor sal lei.

#### **NAVRAE**

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kan u die volgende persone kontak wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Corné du Plooy - Leon Tait

Mosambiek radiostasie/Allen en Ansie vd Mwerwe - Japie en Ena le Grange

Alta Glas - Chris en Eureka Botha

Gebedsketting + Laudium - Alet Briers

Gerdia - Pieter Meiring

Harold Weepener (Limpopo) - Elna du Plessis

Sendinggroete in Christus

SENDINGBEDIENING